

CHRISTENE ONDER DRUK IN ALGERIË

Plaaslike owerhede in Oran, in die noordweste van Algerië, het nog twee kerke gesluit terwyl die druk op Christene in die land toeneem. Terselfdertyd is twee kerke in die oostelike provinsie van Kabylie, (saam met 25 ander wat ook kennisgewings ontvang het) beveel om "alle godsdienstige aktiwiteite onmiddellik te stop".

Die afgelope twee dekades het 'n beduidende hoeveelheid Kabylie Berbers teruggedraai na die Christelike geloof. Eeue gelede was die Berbers Christene, maar in die 7e eeu, met die oornam van Noord-Afrika deur Islam, is die Berbers en ander groepe forseer om Islam te aanvaar.

In die vroeë 1990's het 'n groep jong mense Christene geword na baie gebed en vas. Dit was die begin van 'n beweging waar Kabylies die Christelike geloof aanneem. Dit kan beskryf word as 'n ware herlewing. Selfs die regering het plekke van aanbidding beskerm.

Die afgelope paar maande is sendelinge egter uit die land verban en kerke gesluit. Teen Maart 2018 is meer as 100 kerke reeds gesluit.

Die regering voel bedreig oor die feit dat soveel mense die tradisionele geloof verlaat en bekeer tot die Christelike geloof. Die regering soek derhalwe "wettige" redes om die kerke te sluit. Dit beteken ook dat geen nuwe kerk geplant mag word nie. Gelowiges kom dus bymekaar in huiskerke om nie aandag te trek nie. Daar is baie getuies van mense wat drome droom of visioene sien, of wat tot geloof kom op grond van 'n boodskap wat hul gehoor het.

Die Protestante Kerk van Algerië het 'n week van gebed en vas vir die land en sy mense uitgeroep.

BID:

- Vir Christene om vas te staan en wettige maniere te vind om hul geloof te beoefen en vir toestemming om hul kerke te heropen.
- Vir Christene dat hul steeds bymekaar sal kan kom.
- Die Kerk in Algerië is 'n missionêre kerk en reik nie net uit na ongereddes nie maar stuur ook Algeriese sendelinge na ander nasies. Bid dat hul daarmee sal voortgaan.

Bron: Jericho Walls: www.jwipn.com

Gebeds † Nuus



Junie 2018

Biddende Kabylie man en sy vrou

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:

Posbus 72646

Lynnwoodrif, PRETORIA 0040

southafrica@sat7.org

+27(12)807 2763

+27(83)628 6488/+27(84)506 3399

Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede



Kopiereg © 2018 SAT-7

www.sat7sa.org

www.sat7.org

www.sat7uk.org

VIER IRANESE CHRISTENE TOT TIEN JAAR GEVONNIS

Die appélhof in Iran het die tien jaar tronkstraf waartoe vier Christene gevonniss is vir 'bevordering van Sionistiese Christenskap' en 'bestuur van huiskerke', bekragtig.

Pastor Youcef Nadarkhani, Yasser Mossayebzadeh, Saheb Fadaie en Mohammad Reza Omidi is sodanig deur hul prokureur in kennis gestel op 2 Mei 2018, berig [Middle East Concern](http://www.middleeastconcern.org).

Miles Windsor van [Middle East Concern](http://www.middleeastconcern.org) berig op die Christen webwerf, [Mission Network News](http://www.missionnetworknews.com), dat die termyn van tronkstraf vir Iranese Christene langer word:

“Terwyl aansienlike getalle Christene deurlopend tronkstraf opgelê word op grond van hul geloof, wil dit voorkom of die tydperk wat die vonnis duur die afgelope jaar toeneem.”

Bron: <http://www.meconcern.org/2018/05/03/iran-appeal-unsuccesful-for-rasht-christian-converts/>

BID:

- Vir volharding vir die Kerk in Iran.
- Vir die kerkleiers wat dikwels tronkstraf opgelê en mishandel word. (Hul families ly ook saam met hulle).
- Vir die Kerk om steeds vrymoedig te getuig.
- Vir 'n nuwe vertaling van die Iranese Nuwe Testament in 'n meer moderne en verstaanbare Farsi. (Daar is 'n groot behoefte na Bybels in Iran).

Oordink Hand 4:29-31 wanneer jy vir die Kerk in Iran bid: “En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.” Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

Bron—Gebede: Jericho Walls: www.jwipn.com



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Gebedsversoeke van kykers in Iran:

“In die dorpie waar ek woon is geen ander gelowiges nie. My familie maak ’n bespotting van my geloof. Bid dat ek eendag ’n huis sal kan bou met gelowiges wat hier bymekaar kom om God te aanbid.”

“Sedert ek Christus aangeneem het, verbeter my huwelik en ervaar ek vrede. Bid asb dat ek genees word van die slapeloosheid wat my reeds jare teister.”

“My vriend en ek het ’n Bybel vir ons ander vriend, wat tot geloof gekom het, gegee. Haar ouers het ons nou gedagvaar. Bid dat hulle nie haar Bybel sal ontdek en ons skade aandoen nie. Bid dat hulle sal verstaan wie Christus is.”

“Ek is ’n nuwe gelowige en deel graag in die gemeenskap van gelowiges se aanbidding, daarom gaan ek kerk toe, ’n agt ure reis van my tuiste af.”

Kyker in Tunisië – “Ek het Christus vyf jaar gelede aangeneem. Ek volg jul programme op my foon. My familie laat nie toe dat ek dit op TV kyk nie. Bid dat my familie Jesus sal leer ken.”

Kyker in Palestina – “Ek is bekommerd dat my seuns, wanneer hul ouer is, aangetrokke tot ekstremisme sal wees. Bid vir wysheid vir my vrou en my om hulle die regte leiding te gee.”

Turkye gee gekonfiskeerde eiendomsaktes aan Siriese Kerk terug

Siriese Ortodokse Christene verwelkom die Turkse regering se optrede om 55 titelaktes terug te gee. Dit verteenwoordig byna die helfte van hul antieke kerk eiendomme in suidoos Turkye wat die afgelope jare deur die regering gekonfiskeer is.

“Dit is die eerste keer dat ons eiendomsaktes teruggegee word,” vertel Ergün aan Cumhuriyet koerant. Hy voeg by dat die nuwe wetsontwerp probleme met eiendomsreg van die Siriese gemeenskap in suidoos Turkye, aansienlik verminder.

“Hierdie herstelde eiendomsreg is tot groot blydschap van die Siriese Christene in Mardin en ook hulle wat elders woon. Terselfdertyd beteken dit ook die herstel van ons regte as minderheid, soos vervat in die Lausanne Verdrag,” beklemtoon Ergün.

Maar hoewel hy verklaar dat die wetlike verandering “van groot betekenis vir ons is”, verduidelik hy voorts aan die Doğan nuusagentskap: “Ons het steeds ’n wetlike dispuut oor die eienaarskap van grond wat aan die gemeenskap behoort.” Die eiendomsreg van verskeie Siriese kloosters, kerke en begraafplase asook 70 wingerde, tuine en aangrensende grond is steeds hangende in die plaaslike howe.

Die Tur Abdin (letterlik vertaal, ‘Berge van die Aanbid-ders’) streek in Mardin is die antieke tuiste van Siriese Christene. Hulle praat steeds ’n Aramese dialek, verwant aan Jesus se Aramees en hul kloosters en kerke dateer uit die vroeë Kerk.

Minder as 3,000 Siriese Christene van Turkye woon steeds in die streek terwyl ’n geskatte 20,000 in Istanbul is. Duisende ander het die afgelope paar dekades na Europa geïmmigreer weens die gevegte in die suidooste tussen die Koerdiese Onafhanklikes en die Turkse militêre magte.

Bron:
<https://www.worldwatchmonitor.org/2018/06/turkey-returns-confiscated-syriac-church-property-deeds/?platform=hootsuite>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Algerië – “Ek wil getuig dat Jesus my verlos het van die slawerny van dwelms, ’n gewoonte waarmee ek vir jare geworstel het. Ek is reeds vyf jaar en 25 dae skoon. Alle eer aan God!”

Kyker in Turkye – “Ek durf nie my man vertel dat ek ’n Christen is nie, maar julle programme leer my van God se getrouheid en dit vertroos my.”

Kyker in Afghanistan – “Prys God vir SAT-7 PARS se onlangse uitbreiding na die Yahsat satelliet platform wat aan ons toegang tot jul programme bied. Bid dat diskriminasie en verontregting van Christene in Afghanistan sal ophou en dat plaaslike kerke deur die regering toegelaat word.”

Kyker in Syrië – “Ek hoor dat Jesus mense verander wanneer hulle Hom sien. Ek wil Hom ook graag sien of van Hom droom. Bid vir my.”

Kyker in Libanon – “Hier is so baie vlugteling wat byna niks het nie. My kerk help baie maar die nood word net al groter. Ons is so moeg. Bid asb vir ’n oplossing.”

Kyker in Turkye – “Ons bedank die SAT-7 ACADEMY personeel. Julle help om ongeletterdheid aan te spreek en maak dit makliker vir onderwysers soos ek wat probeer om die vlugteling te help.”